

## Die lewering van gesondheidsinfrastruktuur



Die Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke lewer infrastruktuur en dienste aan die mense van die Provinsie om positiewe sosio-ekonomiese uitkomstes en veilige, bemagtigde en verbonde gemeenskappe te bevorder.

Die konstruksie van 'n Wes-Kaapse Departement van Gesondheid kliniek in Napier het begin. Die kliniek, ter waarde van R24 miljoen, gaan bestaande fasiliteite vervang. Dit is deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke in bedryf gestel, en sal na verwagting teen die einde van 2017 klaar wees.

Wanneer dit oopmaak, sal die Napier Kliniek 'n reeks primêre gesondheidsorgdienste (PGD) verskaf, insluitend vrouegesondheid, kindergesondheid, geestesgesondheid, mondheelkunde en rehabilitasiedienste, asook oordraagbare siekte-behandeling, en geneesmiddel- en chroniesedienste.

Die fasiliteit sal vir mense met gestremdhede maklik toeganklik wees. Kenmerke sluit in afsonderlike konsultasiekamers, wond- en behandelingskamers, asook areas vir die behandeling van oordraagbare siektes. Die kliniek sal 'n bedekte buite-area met ingeboude sitplekke hê, asook 'n speelarea vir kinders. Die wagarea binne die kliniek sal 'n oopplan-ontwerp hê wat 'n apteek, ontvangsarea, hulptoonbank en administrasiekantoor insluit.

Die inwoners van die dorp was nog altyd aktief in hul soeke na gehalte PGD. Veertig jaar gelede het 'n reisende kliniek die dorp een keer 'n week besoek. Teen 2003 het die dorp se behoeftes só gegroei dat die Napier Kliniek gevestig is. Dit het gou duidelik geword dat die kliniek te klein is om doeltreffende gesondheidsdienste te bied wat die behoeftes en privaatheid van al die kliënte respekteer. Die Departement van Gesondheid het in 2006 die kliniek oorgeneem en twee opslaangeboue verkry om die druk te verlig.

In die laaste 30-jaar het die dorp se populasie verdriedubbel, en was daar 'n geleidelike toename aan PGD-behoeftes. Die nuwe Napier Kliniek sal aan huidige behoeftes voldoen, en is op so 'n wyse ontwerp dat daar op 'n latere stadium uitgebrei kan word om met die toekomstige behoeftes van die plaaslike gemeenskap by te hou.

Ons lei in die lewering van staatsinfrastruktuur en verwante dienste **BETER TESAME.**